Dít is ’n uittreksel uit die Capital Alliance-kwotasie vir die opvoedings- en afleggings-/oortolligheidsvoordele vir die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS). Die aanvanklik gekwoteerde premietariewe is uitgesluit, aangesien die administrateur dit sal aanpas om vir kommissie en fooie voorsiening te maak.

## 1. Oorsig van voordele

### 1.1. Foundation Educator (basiese opvoedingsvoordeel)

### 1.2.

| | |
|---|---|
| Kwalifiserende lede | Alle ouers en wettige voogde met kinders in FEDSAS-geaffilieerde skole |
| Verstrykings-ouderdom/maksimum intreeouderdom van ouer | 70 jaar |
| Slegs sterfte/sterfte én ongeskiktheid | Sterfte én ongeskiktheid |
| Maksimum aantal kinders | n.v.t. |
| Omskrywing van basiese opvoedingsvoordeel | Die Foundation Educator-voordeel is bepaald ontwerp om ’n kostedoeltreffende, basiese dekkingsvlak vir alle kwalifiserende lede te bied en maak voorsiening vir:<br>- skoolgeld op grond van openbare skoolkoste;<br>- voordele met betrekking tot laer- en hoërskole alleenlik; en<br>- uitgawes met betrekking tot items soos skoolklere en skryfbehoeftes.<br><br>Skoolgeldbetalings word direk aan die akademiese instelling gemaak om te verseker dat die voordele behoorlik aangewend word. |
| Voorwaardes van die basiese opvoedingsvoordeel | Dekking eindig by die vroegste van enige van die volgende geleenthede:<br>• Indien die ouer se lidmaatskap van die skema beëindig word, deurdat:<br>- die ouer self kies om nie meer ingevolge die skema gedek te word nie;<br>- die kind na ’n ander skool verskuif wat nie by FEDSAS geaffilieer is nie; of<br>- die kind sy/haar hoërskoolopleiding voltooi.<br>• Indien die kind te sterwe sou kom<br>• Indien die kind voor die voltooiing van sy/haar hoërskoolopleiding die skool verlaat<br>Waar ’n eis in die uitbetalingsproses is nadat die lid te sterwe gekom het of beroepsongeskik verklaar is, sal die voordele beëindig word by die vroegste van die volgende geleenthede:<br>• Indien die kind te sterwe sou kom<br>• Indien die akademiese jaar sou eindig voordat die kind 19 jaar oud word<br>• Indien die kind sy/haar hoërskoolopleiding voltooi<br>• Indien die kind skool verlaat<br>Die Foundation Educator-voordeel bestaan uit die volgende afdelings:<br>• Skoolgeld<br>• Aanvullende toelaes |

Twee afdelings van die basiese opvoedings-voordeel

## 2. Skoolgeld en maksimum dekking

Betaalbare skoolgeld is beperk tot:

- die werklike skoolgeld by die betrokke skool; en
- betaling vir ’n maksimum tydperk soos dit in die tabel hieronder uiteengesit word:

Basiese opvoedingsvoordeel per onderwysvlak

| Onderwysvlak | Basiese opvoedingsvoordeel |
|---|---|
| Preprimêre skool | Nie van toepassing |
| Laerskool | 7 jaar |
| Hoërskool | 5 jaar |
| Tersiêre instelling: graad of diploma | Nie van toepassing |

- Skoolgeld mag nie die jaarlikse bedrae in die tabel hieronder oorskry nie:

| Onderwysvlak | Openbare en privaat skoling |
|---|---|
| Laerskool | R16 900 |
| Hoërskool | R18 580 |

Let daarop dat in geval van aflegging of oortolligverklaring, skoolgeld betaal sal word op grond van die bedrag skoolgeld in die betrokke eisjaar, en wel vir ’n maksimum tydperk van ses maande.

Let wel:

Hierdie maksimums sal jaarliks hersien word.
Die basiese opvoedingsvoordeel is nie beskikbaar vir preprimêre e tersiêre onderwys nie.

## 3. Aanvullende toelaes

### Aanvullende toelaes

Hierdie toelaes is bedoel om bykomende uitgawes met betrekking tot skoolopleiding, soos handboeke, skryfbehoeftes, uniforms en nasorg, te help dek.

Dit word jaarliks bereken as ’n persentasie van die skoolgeldvoordeel, en wissel na gelang van die onderwysvlak. Toelaes sal beperk wees tot ’n jaarlikse maksimum bedrag, soos dit in die tabel hieronder uiteengesit word:

| Onderwysvlak | Aanvullende toelae | Openbare en privaat skoling |
|---|---|---|
| Laerskool | 15,0% van jaarlikse skoolgeld | R6 590 |
| Hoërskool | 17,5% van jaarlikse skoolgeld | R9 880 |

Let daarop dat geen aanvullende toelaes betaalbaar sal wees in geval van ’n afleggings- of oortolligheidseis nie.

Let voorts op die volgende:

Met betrekking tot enige toelaag word ’n jaarlikse enkelbedragbetaling aan die kind of voog gemaak.

| | |
|---|---|
| | Foundation Educator bied nie voordele met betrekking tot tersiêre onderwys nie. |

Capital Alliance Life Group Risk (CAL) se basiese opvoedingsvoordeel ("Foundation Educator") is bepaald ontwerp om 'n kostedoeltreffende, basiese dekkingsvlak te bied vir die koste van die skoolopleiding van groepskemalede se kinders indien sodanige lede te sterwe sou kom of ongeskik verklaar sou word.

Ons het ons produk aangepas by die besondere behoeftes van die skole, leerders en ouers wat deur FEDSAS verteenwoordig word. Daarbenewens bied ons ook die opsie van 'n afleggingsvoordeel, wat skoolgeld vir tot ses maande ná sodanige aflegging sal uitbetaal.

Die basiese opvoedingsvoordeel maak voorsiening vir:

- skoolgeld op grond van openbare skoolkoste;
- voordele met betrekking tot laer- en hoërskoolonderwys alleenlik; en
- uitgawes met betrekking tot items soos skoolklere en skryfbehoeftes.

Ons het die voordeel met betrekking tot skryfbehoefte- en klere-uitgawes as 'n bykomende waardebelaaide voordeel by ons aanbod aan FEDSAS ingesluit, sonder enige ekstra koste. Ons glo dat hierdie byvoeging alle partye ekstra gemoedsrus sal bied dat nóg die skole wat verteenwoordig word nóg FEDSAS uiteindelik vir hierdie uitgawes aanspreeklik gehou sal kan word.

Ons is 'n volfiliaal van Liberty Groep Beperk – een van die grootste privaatsektorondersteuners van Suid-Afrikaanse openbare onderwys deur middel van die Liberty Opvoedkundige Stigting. Ons Foundation Educator-produk is boonop 'n markleier wat sowel die buigsaamheid as die omvattende aard van die voordele betref. Ons sien dus daarna uit om met FEDSAS saam te werk, en sekuriteit en gemoedsrus aan ouers, leerders en skole van FEDSAS te bied.

**Hoe sal ons opvoedingsvoordeel vir FEDSAS werk?**

1. Die voordeel sal in geval van die afsterwe of beroeps- of algehele ongeskiktheid van een ouer/albei ouers uitbetaal word.
2. Premies sal as deel van jaarlikse skoolgeld ingesamel en deur FEDSAS aan CAL oorbetaal word.
3. Ons stel voor dat die voordeel op 'n vrywillige of vryeonttrekkings- ("opt out"-)grondslag aangebied word. Ouers sal dus kan kies om nié by die Foundation Educator-polis wat aan FEDSAS voorsien word, ingesluit te word nie, in welke geval hulle geen premies as deel van hulle skoolgeld sal hoef te betaal nie.
4. Ons het ons tariewe per skoolgraad as 'n randbedrag per R1 000 van jaarlikse skoolgeld bereken. Dít beteken dat 'n premie vir elke kind bereken sal word op grond van hul graad en die bedrag skoolgeld vir die betrokke skool. Sodoende sal die deelnemende skole maklik en akkuraat die premie met betrekking tot elke kind as deel van die betaalbare skoolgeld kan bereken.
5. Ons stel voor dat FEDSAS CAL van 'n jaarlikse lys met die volgende inligting van polishouers voorsien:
   - Naam van skool
   - Naam van kind
   - Skoolgraad
   - Identiteitsnommer(s) van die ouer(s)
   - Skoolgeld per jaar
   - Premie wat met betrekking tot die kind betaal word
6. In geval van 'n eis sal FEDSAS CAL van die volgende inligting voorsien:
   - Voltooide eisvorms
   - Afskrif van identiteitsdokument van oorlede of ongeskik verklaarde ouer
   - Volledige sterftesertifikaat of mediese verslag met betrekking tot ongeskiktheid
   - Naam/name van kind(ers)
   - Afskrif(te) van geboortesertifikaat/geboortesertifikate van kind(ers), of bewys van voogdyskap
   - Bevestiging van skool met betrekking tot graad/grade van kind(ers) en skoolgeld
   - Bevestiging en besonderhede van wettige voog(de) van kind(ers)

7. Skoolgeldbetalings word direk aan die akademiese instelling gemaak op grond van fakture wat ontvang is, ten einde te verseker dat die voordele behoorlik aangewend word. Aanvullende toelaes met betrekking tot skryfbehoeftes, uniforms en ander items word direk aan die kinders of hul wettige voogde uitbetaal.
8. Die voordeel sal met betrekking tot elke kind wat by ’n FEDSAS-geaffilieerde skool skoolgaan, betaal word. Kinders van nie-skoolgaande ouderdom sal nie gedek word nie, en geen voordeel sal met betrekking tot tersiêre onderwys betaal word nie.

**Voordeelparameters, -uitsluitings en -beperkings**

CAL se standaardbepalings, -voorwaardes, -beperkings en -uitsluitings met betrekking tot sterfte en beroeps- of permanente ongeskiktheid sal toegepas word ten einde die dekking en enige opvoedingsvoordeeleis te laat geld. Dít sal in die tersaaklike polisdokument uiteengesit word.

### 3.1. Afleggings-/oortolligheidsvoordeel
### 3.2.

| | |
|---|---|
| Kwalifiserende lede | Alle lede |
| Maksimum intree- en verstrykingsouderdom | 65 jaar |
| Omskrywing van wat verseker sal word | Ses maande se skoolgeld, op grond van die bedrag skoolgeld in die betrokke eisjaar |
| Omskrywing van aflegging | Beteken die beëindiging van die lid se diens deur sy/haar werkgewer op grond van negatiewe handelsomstandighede of die verwagting daarvan, of op grond van enige ander sakebesluite van die werkgewer wat tot personeelvermindering lei |
| Omskrywing van oortolligverklaring | Beteken die beëindiging van die lid se diens deur sy/haar werkgewer as gevolg van die ingebruikneming van nuwe tegnologie of die herskikking van die werkgewer se onderneming |
| Wagtydperk | 30 dae |
| Maksimum betaaltydperk | Ses maande |
| Uitsluitings | Uitsluitings met betrekking tot die kredietlewensversekeringsvoordeel vir die betaling van premies by verlies aan inkomste is soos volg:<br><br>Die swak gesondheid of ongeskiktheid van die lid weens ’n ongeluk, besering, kindergeboorte, aborsie, swangerskap, miskraam, siekte of kwaal, of geestesongesteldheid<br>’n Staking, arbeidsgeskil of industriële aksie of interaksie, ongeag of die lid deelgeneem het of nie<br>Die lid se bedanking of aanvaarding van vrywillige aflegging of oortolligverklaring; die lid se wete, of redelike gronde vir die wete, by sy/haar intreedatum dat hy/sy werkloos, afgelê of oortollig verklaar sal word, óf die lid se ontvangs van een of meer mondelinge of skriftelike waarskuwings as deel van sy/haar werkgewer se tugprosedures binne die ses maande voor sy/haar intreedatum<br>Enige handeling of versuim deur die lid wat tot sy/haar ontslag ingevolge sy/haar dienskontrak lei<br>Die verstryking van ’n vastetermyndienskontrak wat hernubaar was; indien die lid vir hom-/haarself werk of vir hom-/haarself begin werk; indien die lid op gewone of vroeë ouderdom aftree, of indien die lid ’n vennoot in ’n vennootskap, ’n lid van ’n beslote korporasie of ’n direkteur van ’n maatskappy word<br>Die nasionalisering of opeising van, of beslaglegging op, die bates van die lid se werkgewer deur enige wettig gekonstitueerde owerheid<br>Lede word nie in die volgende omstandighede gedek nie:<br>Sodra hulle deeltydse/tydelike werk bekom<br>Voordat hulle 90 opeenvolgende dae se lidmaatskap van die skema voltooi het<br>Waar senior personeel daartoe in staat is om hul eie aflegging te beïnvloed |

**Hoe sal ons afleggings- en oortolligheidsvoordeel werk?**

1. Dít is ’n opsionele byvoeging by die sterfte- en ongeskiktheidsdekking ingevolge ons Foundation Educator-polis. Ons stel voor dat dit ook op ’n vryeonttrekkingsgrondslag aan ouers en skole beskikbaar gestel word, en dat dit dus benewens die sterfte- en ongeskiktheidsvoordeel gekies kan word.
2. Die voordeel sal vir ’n maksimum tydperk van ses maande betaal word ingeval ’n ouer afgelê of oortollig verklaar word. Die voordeelbetaling is onderworpe aan ’n wagtydperk van 30 dae.
3. Let daarop dat individue wat vir hulself werk, nie vir die voordeel in aanmerking kom nie, en dat die voordeel voorts onderworpe is aan bepalings en voorwaardes, wat 90 dae voltooide lidmaatskap van die skema insluit. Raadpleeg asseblief die bylae vir die tersaaklike bepalings en voorwaardes.
4. In geval van ’n eis sal soortgelyke inligting as dié onder punt 6 onder die vorige opskrif benodig word, benewens enige bewys van indiensneming, aflegging of oortolligverklaring wat CAL kan vereis.